

KANNALAND 'N VERDWENE STREEKNAAM

Dr. A. Appel

Vakkomitee Geskiedenis, Universiteit van Port Elizabeth

Naamgewing was 'n onvermydelike uitvloeisel van pioniersvestiging. In die minder bekende of geheel nuwe gebiede waarheen die 17de- en 18de-eeuse Blanke van die Kaapkolonie hom begeef het, het velerlei omstandighede op hierdie naamgewingspraktyk invloed uitgeoefen. Sowel die flora en fauna as die besondere topografiese verskynsels en die aan- of afwesigheid van water het die eerste intrekke talle moontlikhede tot benoeming gebied. Daarbenewens het die Blanke Christen ryklik uit die Bybel as haas enigste leesboek geput. Ten slotte het die aanraking met die Hottentot- en Swart stamme hierdie woordeskat, òf aangevul, òf tot die uiteindelijke vervorming daarvan bygedra.¹

Soos die veeboerpionier vanuit die suidelike kuststreek na die binnelandse gebiede wat tans as die Klein-Karoo bekend is, getrek het, het hy voortgegaan om hierdie nuwe omgewing te benoem. Die Oude Wildschutte Boeke waarin die uitgereikte leningsplase van die 18de eeu amptelik aangeteken is, getuig oorfloedig van hierdie bedrywigheid. Of hierdie plaasname deur die eerste ordonnansiehouers inderdaad self geformuleer is en of dit reeds bestaande plekname was, is baie moeilik om vas te stel. Heel dikwels is die plaasnaam gekoppel aan die trekroete wat daarheen gevolg is, byvoorbeeld 'Rietvalleij agter Cogmanskloof' (1732); 'Agter de platte Clóof gen. de Water Val' (1748); 'Aan de buffels Craal geleegen over d'Oliphants rivier' (1763); 'Welgevonden ... over de Attequas Cloof' (1765).

EERSTE VERMELDING

Gedurende 1752 het vaandrig August Friedrich Beutler in opdrag van goewerneur Ryk Tulbagh 'n verkenningstog na die verre oostelike binneland van die Kaapkolonie gelei. Hulle het die toe reeds gevestigde wapaad deur Swellendam tot by Mosselbaai gevolg. Daarvandaan het hulle noordwaarts deur Attakwaskloof in die westelike Outeniekwaberge getrek om voorts in 'n noordoostelike rigting deur Langkloof hulle reis voort te sit.² Op die roetekaart van hierdie landtog wat deur C.D. Wentzel geteken is, is die benaming 'Het Canna Land' in die omgewing van die Olifantsrivier wat ten suide van die huidige Oudtshoorn verbyvloei, ingeskryf.³ Ook in die joernaal self is dit genoem. Sover vasgestel kon word, is genoemde verwysing die eerste skriftelike vermelding van hierdie streeknaam.

Dit sal baie moeilik bepaal kan word in watter mate hierdie reis van Beutler daartoe bygedra het om meer algemene kennis van die gebied noord van Attakwaskloof te versprei. Dit kan aanvaar word dat dit op die lange duur wel die geval was.

Maar eers weer in November 1756 kom die benaming 'Canna Land' voor in die ordonnansie op die leningsplaas Klippedrift wat aan Nicolaas Prinsloo uitgereik is.⁴ Daarna, byvoorbeeld in 1758, 1760, 1761, 1762 en 1766, is enkele leningsplase toegeken waarin dieselfde verwysing gebruik is. Ooreenkomstig die gebrek aan 'n vormvaste skryfwyse in daardie tydperk het talle variasies van dié naam voorgekom soos 'Cannaland', 'Canaland', 'Cane Landt', 'Kanneland' en 'land Cana'.⁵

Teen die sewentigerjare van die 18de eeu was hierdie streeknaam oënskynlik in algemene gebruik. Die bekende reisigers wat gedurende daardie jare aan die omgewing besoek gebring het, te wete Sparrman,⁶ Thunberg,⁷ Swellengrebel⁸ en Paterson,⁹ het almal daarvan melding gemaak.

HERKOMS

Dit word algemeen aanvaar dat hierdie streeknaam aan 'n sekere plant wat veral in die Karoo-streke voorgekom het, ontleen is. Slegs die Engelse natuurkundige en reisiger, W.J. Burchell, het beweer dat hierdie benaming die Hottentotwoord vir 'n eland was.¹⁰

Maar oor die benoeming van hierdie plant heers daar groot verwarring. Enersyds het Sparrman na die 'Canna-bosch' in die omgewing van Saffraanrivier, noord van Attakwaskloof, verwys, "whence the whole tract of country hereabouts bears the name of Canna's ..." Die as van daardie plant is vir die maak van seep gebruik.¹¹ So ook het Barrow, 'n Engelse reisiger, opgemerk dat die "Canna plant, or Salsola" welig op die oevers van die boppe van die Olifantsrivier gegroei het en dat die as daarvan vir seepmaking gebruik is.¹² Vroeg in die 19de eeu het Burchell hierdie vroeë waarneminge in verband met die 'Kannabosch' bevestig.¹³ Maar tegelykertyd het hy die verwarring aangehelp deur albei benaminge, te wete kanna en ganna, te gebruik om na dieselfde plant te verwys.¹⁴ Gedurende die dertigerjare van die 19de eeu het die Kwakerreisiger Backhouse opgemerk dat die landstreek in die omgewing van die sendingstasie Zoar¹⁵ as die Klein-Karoo of 'Kanneland' bekend was, "from its producing a bush abounding with soda, called Kannabosch,

Vir 'n volledige behandeling van hierdie aspekte kyk P.E. RAPER, *Streekname in Suid-Afrika en Suidwes* (Naamkundereeks nr. 1. Kaapstad, 1972); P.J. NIENABER, *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek I* (Kaapstad, 1971); C.G. BOTHA, *Place names in the Cape Province* (Kaapstad, 1927).

2. V.S. FORBES, Beutler's expedition into the Eastern Cape, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 16(1), 1953.
3. Kaapse Argiefbewaarplek (K.A.), Kaart 4/2 Korte Schets van die Marsch gehouden op de togt in den Jaare 1752 ..., vel 2. K.A., R.L.R. 14, p.270.
4. Kyk die volgende dele van die Oude Wildschutte Boeke vir hierdie voorbeelde: R.L.R. 15, pp.39, 149; R.L.R. 16, p.132; R.L.R. 17, pp.24, 66; R.L.R. 19, p.185.
5. A. SPARRMAN, *A voyage to the Cape of Good Hope, ... from the year 1772 to 1776* (Londen, 1786).
6. P. THUNBERG, *Travels in Europe, Africa, and Asia made between the years 1770 and 1779 II* (Londen, 1795).
7. E.C. GODÉE-MOLSBERGEN (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tyd IV: Tochten in het Kafferland, 1776-1805* ('s-Gravenhage, 1932, Linschoten-vereniging, deel XXVI).
8. W. PATERSON, *A narrative of four journeys into the country of the Hottentots, and Caffraria, in the years 1777, 1778, 1779* (Londen, 1790).
9. W.J. BURCHELL, *Travels in the interior of Southern Africa I* (Herdruk: Kaapstad, 1967), p.267: noot.
10. SPARRMAN, *op. cit.*, pp.296-297.
11. J. BARROW, *Travels into the interior of Southern Africa* (Londen, 1806), pp.42-43, 292-293.
12. BURCHELL, *op. cit.*, pp.267, 419.
13. *Ibid.*, p.113.
14. Oos van die huidige Ladismith.



Caroxylon Salsola.”¹⁶ In die lig van genoemde uitsprake oor die gebruik van hierdie plant is dit seker dat die onderskeie skrywers eintlik die gannabos (*Salsola aphylla*), ook as seepganna bekend, bedoel het.¹⁷

Andersyds het Paterson, ’n Engelse reisiger wat die Kaapkolonie gedurende die sewentigerjare van die 18de eeu besoek het, beweer dat die landstreek noord van Plattekloof¹⁸ as ‘Channa Land’ bekend gestaan het. Dit het sy naam van ’n soort *Mezembryanthimum* wat ‘Channa’ genoem is, gekry. Laasgenoemde is deur die Hottentotte gekou en gerook en “when mixed with the Dacka is very intoxicating.”¹⁹ Hierdie opmerking dui daarop dat Paterson heelwaarskynlik na die kannawortel (*Sceletium anatomicum*), wat in die volksmond as kougoed bekend is, of dan na ’n ander *Sceletium*-spesie verwys het.²⁰

Hierdie verwarring tussen *kanna*, *ganna* of *channa* moet, volgens Raper,²¹ “aan die gewone onvastigheid van die velaar” toegeskryf word.

In al die bogenoemde tydgenootlike bronne, behalwe dan in Paterson se werk, is die streeknaam met ’n *C* of ’n *K* geskryf, terwyl daar oënskynlik na die *ganna* (bos) verwys is.²² Elders, soos byvoorbeeld in die genoemde Oude Wildschutte Boeke, op die kaart van die Beutler-ekspedisie se tog en in Swellengrebel se joernaal, word hierdie twee wisselvorme ook aangetref, maar nooit *Gannaland* nie.

GEOGRAFIESE BETEKENIS

Alle tydgenootlike getuienis dui daarop dat die benaming Kannaland vir kleiner of groter dele van die landstreek tussen die Lange- en die Swartberge gebruik is. Volgens Beutler se joernaal het die Matjiesrivier, ’n noordwaartsvloeiende tak van die Kammanassierivier, die

’n Gedeelte van die Beutler-ekspedisie se togkaart (1752) met ‘Het Canna Land’ daarop ingeskryf, oorgeneem uit E. C. CODEE MOLSBERGEN, Reizen in Zuid-Afrika III (’s-Gravenhage, 1922)

oostelike grens van hierdie streek gevorm. Nadat Thunberg deur Attakwaskloof tot naby die Saffraanrivier gereis het, het hy in ’n “more plain and level country, called Canna land, by some Canaan’s land ...”²³ gekom. Swellengrebel het hierdie naam vir die gebied in die omgewing van die Doringrivier, ’n sytak van die Kammanassierivier, gebruik.²⁴ Volgens Sparrman het die hele landstreek noord van die Attakwaskloof as Kannaland bekend gestaan.²⁵ Op hulle reis het Paterson en kaptein Gordon oor Plattekloof gegaan en noordwaarts vanaf die kruin die “Channa Land and Karo” gesien. Dit was, volgens hulle, “perhaps, one of the most barren in the world.”²⁶

J. BACKHOUSE, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa* (Londen, 1844), p.112.

C.A. SMITH, *Common names of South African plants* (Dept. of Agricultural Technical Services, Botanical Survey Memoir No. 35, Pretoria, 1966), pp.218, 276, 413. Vgl. P.J. VAN DER MERWE, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie* (Kaapstad, 1938), p.200.

18. Die tans vergete ou trekroete oor die Langeberge, noordoos van die teenswoordige Heidelberg.
19. PATERSON, *op. cit.*, pp.23–24.
20. SMITH, *op. cit.*, pp.276, 277.
21. RAPER, *op. cit.*, p.53.
22. FORBES, *op. cit.*, p.284.
23. THUNBERG, *op. cit.*, p.53.
24. GODÉE-MOLSBERGEN, *op. cit.*, p.31.
25. SPARRMAN, *op. cit.*, pp.296–297.
26. PATERSON, *op. cit.*, pp.23–24. Vergelyk Gordonversameling, skets 55: Gesigt over het Canna Land genomen van de Platte Cloof. Hierdie tekening is egter nie by die res van die versameling in die Kaapse Argiefbewaarplek beskikbaar nie.

Die historiese streeknaam Kannaland het dus ongetwyfeld op die droë Karoostreke tussen die Lange- en die Swartberge betrekking gehad. In die weste was die omgewing van die Plattekloof, dit wil sê die grensgebied tussen die huidige distrikte Ladismith en Riversdale, heel moontlik daarby inbegrepe. Waarskynlik was die gebied verder wes tot feitlik by Kogmanskloof nie heeltemal hiervan uitgesluit nie. In die ooste het Kannaland baie beslis die suidelike takriviervalleie en -vlaktes van die Olifantsrivier asook die Kammanassieriviervallei ingesluit. Omdat geeneen van die bogenoemde reisigers ver noord van eersgenoemde rivier beweeg het nie, is dit verstaanbaar waarom hulle gesigseinders hoofsaaklik tot die suidelike oewers daarvan beperk was. Die algemene topografiese en klimatologiese toestande op grond waarvan hierdie streeknaam ontstaan het, kom ook nog gedeeltelik noord van die Olifantsrivier voor. Daar kan dus aanvaar word dat die benaming Kannaland op feitlik die hele vallei waardeur hierdie rivier vloei, van toepassing gemaak kan word.

SLEGS 'N POPULÊRE NAAM

Begrensing is egter selde absoluut: Op stuk van sake is nooit aan die begrip *Kannaland* amptelike erkenning, byvoorbeeld in die benoeming van veldkornetskappe, verleen nie. Reeds teen 1802 het laasgenoemde in dié deel van die Swellendamse distrik wat noord van die Lange- en Outeniekwaberge geleë was, as volg bekend gestaan: Agter-Kogmanskloof; Agter-Tradouw; Swartberg; Agter-Attakwaskloof; Voor in Langkloof en Kammanassie; Kango; Onder-Olifantsrivier; Bo-Olifantsrivier.²⁷ Met die stigting van die landdrostdistrik George in 1811 het laasgenoemde vyf veldkornetskappe deel daarvan geword en die benaminge het feitlik dieselfde gebly.²⁸ Dit is opvallend dat in die beskrywing van die ligging van die plase in hierdie veldkornetskappe daar slegs vier verwysinge na Kannaland voorgekom het, te wete 'Klippedrift in't land Cana agter Attacwas Cloof' en 'Grote Doorn Rivier in't land Cana agter Attacwas Cloof' (albei van O. Heyns); 'Gamtousberg aan de Canalands Rivier agter d' Attacwas Cloof' (A.J. Fourie) en 'Buffelsrivier aan Gouritsrivier agter de berg in't Canaland' (P.M. Janse van Rensburg). Ook vir die res van die 19de eeu is die benaming Kannaland nooit in amptelike kringe gebruik nie.²⁹

Klaarblyklik het hierdie historiese streeknaam dus slegs 'n populêre geografiese verwysing onder sommige koloniste gebly. Miskien juis vanweë die omvattendheid daarvan kon dit nie vir noukeuriger streekafbakening gebruik word nie. Terwyl so baie plaas-, rivier- en bergname in die Klein-Karoo uit die 17de en 18de eeu tot in ons dag behoue gebly het, het juis die oudste verwysing na daardie landstreek as sodanig heeltemal verdwyn. ■

27 K.A., B.O. 66 Letters from Swellendam: Naamlyst van de Veld Cornets der Colonie Swellendam, 6.4.1802.

28 K.A., 1/SWM 12/22 Gemengde Dokumente (Plaatsen uit de Recognitie Boeken van Zwellendam uitgetrokken, welke thans onder George's District sorteeren, 31.12.1811).

29 Vergelyk die kaarte in die Kaapse Argiefbewaarplek wat vir die 1891-sensus in die Kaapkolonie opgestel is en waarop die onderskeie veldkornetskappe duidelik aangetoon word, bv. 3/1923-1924 (Oudtshoorn), 3/1959 (Uniondale), 3/2217-2218 (Riversdale), 3/2186 (Ladismith) en 3/2219 (Robertson).